# IMS

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
21 AUG 1961
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

## INLIGTING MUNISIPALITEIT STELLENBOSCH.

- JULIE 1956 -

### BOUPLANNE.

Die Raad wil graag die moontlikheid uitskakel dat die goedkeuring van bouplanne vertraag word. Daar is egter heelwat administratiewe werk aan die behandeling van bouplanne verbonde wat sorgvuldig gedoen moet word in belang van die toekomstige eienaar. As daar dus te veel bouplanne op die laaste oomblik voor die betrokke Publieke Werkekomiteevergadering ingedien word, is dit 'n onbegonne taak om hulle voor te lê. Vir dié rede het die Raad alle argitekte en bou-aannemers in kennis gestel dat as hulle seker wil wees dat planne op die Publieke Werkekomitee behandel moet word, dit voor 1.0 uur nm. op die Vrydag voorafgaande die maandelikse Publieke Werkekomiteevergadering ingedien moet word.

Die Raad wil egter ook die publiek van hierdie reëling in kennis stel. Hieronder volg 'n lys van datums van Publieke Werkekomitee- en Raadsvergaderings vir die jaar 1956:-

| Publieke Werkekomitee. | Raad. |
|---|---|
| 24 Julie 1956 | 7 Augustus 1956 |
| 21 Augustus 1956 | 4 September 1956 |
| 18 September 1956 | 2 Oktober 1956 |
| 23 Oktober 1956 | 6 November 1956 |
| 20 November 1956 | 4 Desember 1956 |

2//......

STREEKSLAGPALE.

Stellenbosch moet voorsiening maak vir nuwe slagpale. Die Inspekteur van Fabrieke dreig al geruime tyd dat hy die Stadsraad sal moet verplig om veranderings aan die bestaande slagpale aan te bring wat baie geld sal kos.

Oorspronklik wou die Stadsraad nuwe slagpale laat oprig wat uitsluitlik aan die behoeftes van Stellenbosch sou voldoen. Die Vleisbeheerraad het egter die beleid neergelê dat slagpale nie net 'n enkele munisipaliteit nie, maar 'n bepaalde streek moet dien.

As gevolg hiervan is vergaderings gehou waarop Stellenbosch, Die Strand, Somerset-Wes, Kuilsrivier, Kraaifontein, en ook die Afdelingsraad verteenwoordig was en ondersoek is ingestel na die doelmatigheid van 'n terrein in die omgewing van Faure.

Daar is egter ook onderhandelings aangeknoop met die Stadsraad van Paarl omtrent die moontlikheid van die oprigting van 'n streekslagpaal wat Stellenbosch, Paarl en moontlik ook Wellington kon dien.

Aangesien onderhandelings begin sloer het, het die Burgemeester 'n dringende beroep op dié wat betrokke is, gedoen om op Stellenbosch bymekaar te kom. Dit het op 10 Julie gebeur en daar is toe besluit dat die Stadsraad se Raadgewende Ingenieur opdrag gegee word om so gou moontlik ondersoek in te stel na 'n geskikte terrein wat groot genoeg is, met behoorlike inagneming van die beskikbaarheid van spoorweggeriewe, water en krag en om verslag te doen sodat 'n verdere byeenkoms gereël kan word.

SPOORWEGOORGANGE.

'n Reeks ernstige en noodlottige ongelukke het groot ontsteltenis by plaaslike owerhede en die Spoorweë

3//.....

veroorsaak.

Daar het vergaderings van burgemeesters plaasgevind wat ook deur die Burgemeester van Stellenbosch, rdsl. prof. Erika Theron, bygewoon is.

Afgesien van maatreëls wat getref sal word by wyse van die oprigting van tekens, moet die publiek verwag dat sowel die Spoorweë deur hul polisie asook plaaslike owerhede deur hul verkeerskonstabels, baie streng sal moet optree teen almal wat die bestaande wetsbepaling veronagsaam, waarvolgens alle rytuie moet stilhou voor hulle oor 'n spoorwegoorgang ry.

Deur middel van hierdie uitgawe van I.M.S. rig die Stadsraad 'n vriendelike waarskuwing aan alle bestuurders van rytuie in verband met die saak en bepaal hulle aandag by die feit dat die Verkeersbeamptes weer hulle volle getalsterkte bereik het.

Die verantwoordelikheid wat op die Raad rus is besonder groot en hy sal voortaan ten volle moet saamwerk in die poging om die oorgange veilig te maak, indien nodig, deur vervolging van oortreders.

OU BURGERHUIS : UIT DIE VERSLAG VAN DIE BURGEMEESTER WAT VOOR DIE RAADSVERGADERING OP 3 JULIE 1956 GEDIEN HET.

„Sedert die laaste vergadering van die Raad is nog geen antwoord van die departement van Publieke Werke of die departement van Lande ontvang nie. 'n Skrywe, gedateer 26 Junie, is weer aan die departement van Lande gerig. Intussen het dr. Otto du Plessis, L.V., op ons versoek, ook 'n skrywe aan die Minister van Lande gerig en hy het verneem dat die Minister sorgvuldige aandag aan die kwessie gee.

Op advies van dr. Mary Cook het ek 'n verdere skrywe aan die Direkteur van Publieke Werke laat rig waarin hy weereens versoek word om nie die anneks aan die Burgerhuis, af te breek nie. Ek haal die brief, gedateer 7 Junie 1956, volledig aan vir inligting van raadslede en omdat dit vir die toekoms van historiese waarde mag wees:

„„Dr. Mary Cook het in verband met haar inspeksie van die ou Burgerhuisterrein gedurende die oggend van 5 Junie 1956, aandag gegee aan die argitektoniese hoedanighede van die deel van die Braak wat in verband staan met die ou Burgerhuis. Sy het die mening uitgespreek dat die suidelike, westelike en deel van die noordelike kante van die Braak feitlik iets unieks vir die hele land kan wees as dit behoue kan bly. Sy het verwys na die kontinuiteit wat daar is as gevolg van die bestaan van die Rynse Kerk met sy kloktoring, die Rynse Hoër Meisieskool, die kruithuis, die burgerhuis en die ou rietdakgebou aan die oorkant van Alexanderstraat.

Sy was ook die mening toegedaan dat dit baie sorgvuldige oorweging werd is om tog nie die anneks van die ou Burgerhuis af te breek nie, maar om dit eerder in 'n opgeknapte vorm wat by die herstelde Burgerhuis sal aanpas, te laat voortbestaan. Sy het gevoel dat die nuwe magistraatsgeboue in ieder geval tog 'n front het op twee belangrike strate, naamlik, Markstraat en Alexanderstraat. Sy was nie oortuig dat dit raadsaam is om die anneks te laat afbreek nie slegs terwille van die moontlikheid wat daardeur geskep word om ook van oorkant die Braak 'n vlugtige gesig van die nuwe magistraatsgeboue tussen die Ou Burgerhuis en die kruithuis te kry nie. Sy het eerder gevoel dat al die bestaande geboue as 'n geheel met die nuwe magistraatsgeboue beskou moet word waardeur die aandag wat die laasgenoemde geboue sal trek, nie tekort gedoen sal word nie. Dit is vanselfsprekend dat die gedagte dat die ou rietdakhuis afgebreek sal

5//......

word, haar baie jammer laat voel en die hele saak word dus deur die Stadsraad nogmaals vir u simpatieke oorweging voorgelê.

Die Raad is deur die opinie van dr. Mary Cook gesterk in sy wens dat hierdie geskiedkundige deel van Stellenbosch met sy voorbeelde van die ou Kaapse boustyl in die belang van die dorp en die land in sy geheel bewaar mag bly. Enige afbreek en verwydering van enige van die genoemde geboue sou aan die sterk indruk wat geskep kan word, afbreuk doen.""

Op 13 Junie het ons as gas gehad mev. Elsabe Sauer en saam met prof. Smuts en die Stadsklerk het ons haar die ou geboue by die Braak gaan wys. Mev. Sauer het beloof om, indien moontlik, by die betrokke instansies te pleit vir die behoud van die Burgerhuis-anneks. Die deel van die anneks wat vasgebou is aan die Burgerhuis en dus die een gewel bedek sal wel verwyder moet word.

Indien daarin geslaag word en die geboue nie afgebreek word nie, maar saam met die Burgerhuis oorgedra word aan die Stadsraad, sou ons kan oorweeg om:

(i) Die Burgerhuis in te rig as Africana-museum;

(ii) Die ander gebou in te rig as 'n publisiteitskantoor en ruskamer vir blankes.

Van dr. Mary Cook verneem ek dat as ons die Burgerhuis as 'n museum inrig die Stadsraad helfte van die rente en delging op die lening op die restorasie van die gebou asook ruim jaarlikse hulp vir die instandhouding van die Provinsiale Administrasie sal ontvang. Ek mag verder meedeel dat 'n lening vir die oprig van ruskamers vir blankes op die Braak reeds goedgekeur is."

KOERANTVERKOPERS IN STRATE.

Die verkoping van koerante en tydskrifte in strate van die dorp geniet die aandag van die Raad. Klagtes is ontvang dat die gewoonte van die koerantverkopers wat meestal jong kinders is, om koerante vanaf die straat aan persone in motorvoertuie te verkoop, 'n ernstige bron van gevaar mag word en tot noodlottige ongelukke mag lei.

Die bestuurders van motorvoertuie word vriendelik versoek om hierdie gewoonte nie aan te moedig nie en om nie in die rypad stil te hou om 'n koerant te koop nie. Daar is natuurlik geen beswaar daarteen as hulle op 'n behoorlike parkeerplek vir die doel stil hou nie.

BESKADIGING VAN MUNISIPALE EIENDOM EN OORTREDING VAN REGULASIES.

Dit blyk in die jongste tyd dat straatnaamborde, verkeerstekens en straatlampe in toenemende mate stukkend geskiet of met klippe bestook en verniel word. Bewoners van die dorp het ook te kenne gegee dat hulle baie onrustig voel oor die gebruik van windbukse, rekkers en selfs vuurwapens in die dorp alhoewel dit deur die regulasies uitdruklik belet word in belang van die openbare veiligheid.

Blykbaar is dié wat die neiging tot vernielsug aan die dag lê, goed bewus dat hulle verkeerd handel en dit is dus moeilik om hulle tot verantwoording te bring, tensy die publiek sy medewerking goedgunstiglik verleen om gevalle wat onder sy aandag kom, by die Munisipale kantoor aan te meld. Medewerking in hierdie opsig sal baie hoog op prys gestel word.

Die koste van die vervanging van beskadigde eiendom is hoog en onnodig en die gevolge van die onverskillige

7//.....

gebruik van windbukse, vuurwapens en rekkers kan onherstelbaar wees wanneer liggaamlike beserings opgedoen word.

Dit is tog seker bekend dat daar regulasies is wat duidelike en strenge bepalings bevat.

---

100 JAAR GELEDE.

Uit die notule van die dorpsraad van Stellenbosch, van Dinsdag, 24 Junie 1856, lees ons onder andere, die volgende:-

""The Secretary stated that he had received from

Jacob J. de Villiers for allowing a pig to roam in the public street on the 17 May last . . . . . . . . . . . . . . . . 3s. 4d.

N. von Wielligh Jr. for smoking in the public street . . . . . . . . . . . . . . 3s. 4d.

Samuel Hendrikse for allowing horses to roam in the public street without a herd . . . . . . . . . . . . . . . . . . 3s. 4d. ""

en op Dinsdag, 22 Julie 1856:-

""The Secretary stated that he had from J.J. de Kock received a fine for allowing geese to roam in the public street amounting to . . . . . . . . . 3s. 4d.

The Secretary submitted for approval the following bills, viz.

Chief Fire Warden for the hire of a horse 3s. -d.

Treasurer his percentage on £121.13.7½d taxes collected . . . . . . . . . . . . . .£6. 1. 8d. ""

/MJ.